TEKENSPELETJIE

- Jy benodig: kaartjies, potlode, papier, uitveërs en 'n uurglas.
- Jy kan die speletjie met 'n span of meer as een span speel.
- Deel vir elke span papier, potlode en 'n uitveër uit.
- Verduidelik die reëls.

Speletjie vir 'n span:

Elke spanlid kry 'n kans om te teken. Die spanlid wat moet teken, trek 'n kaartjie. Draai die uurglas om sodra die persoon begin teken. Daar mag slegs geteken word. Die persoon wat teken, mag nie beduie of wys na iets nie. Jy mag ook geensins letters of syfers gebruik nie. Die spanlid wat eerste reg geraai het, kry 'n punt.

Hou rekord van elke spanlid se punte. Die volgende spanlid kry dan 'n beurt. Hou so aan totdat elkeen dieselfde aantal beurte gehad het. Die wenner is die persoon wat die meeste reg geraai het. Indien die tyd verby is en niemand het reg geraai nie, kry die volgende spanlid 'n beurt. Jy kan ook die speletjie sonder die uurglas speel.

Kompetisie tussen spanne:

Elke span kry 'n kaartjie met dieselfde woord. Elke spanlid moet 'n beurt kry om te teken. Die spanne moet gelyk begin teken. Hier benodig jy 'n offisier by elke span.

Die span wat eerste reg raai, kry 2 punte. Die span wat tweede reg raai 1 punt. Hier is dit beter om nie 'n tydsbeperking te stel nie. Die wenners is die span met die meeste punte.

MIMIEKSPELETJIE

Hierdie speletjie word op dieselfde wyse as die tekenspeletjie gespeel, maar die woord op die kaartjie moet verduidelik word deur mimiek. Die speler wat die woord moet mimiek, mag nie praat of geluide maak nie. Die persoon wat eerste reg raai, ontvang 'n punt.

WENKE

Jy kan die speletjie eenvoudig of ingewikkeld maak. Jy kan verskillende Voortrekkerwerk gebruik vir die kaartjies.

Die reëls moet duidelik gestel word.

EENWOORD-SPELETJIES

Gebruik hierdie kaartjies om 'n verskeidenheid van speletjies te speel. Hierdie kaartjies kan gebruik word vir Verkenners en PD's.